## 27 Februarie - DEUR

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Openbaring 3:20**

Jesus, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God, staan en klop. Nie by die deur van jou hart nie, maar voor die deur van Laodicea. Hulle moet Hom hoor klop, want die Gees praat! Sy getuienis oor die gemeente was uiters veroordelend. Hulle louheid het die Here naar gemaak. Miskien was die heel ergste van hierdie lidmate dat hulle totaal onbewus was van hulle ellendige toestand. Hulle het nie verstaan dat hulle wat hulleself so ryk geag het, ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak was nie.

Nogtans staan die Here nou voor die deur van daardie gemeente en klop. Al bestraf en tugtig Hy met die swaard van sy mond, skryf Hy Laodicea nog nie finaal af nie. Ook al het hulle Hom uitgesluit. Hy wil ingelaat word, daarom klop Hy aan. En Hy klop deur te praat.

Nog steeds, ook vandag. Hy roep ons elkeen op om te reageer op sy stem. Wat staan ons daarom te doen? Ek moet oopmaak! Sy Woord in geloof hoor en aanvaar. Hom aanvaar en binnelaat in my eie, stukkende lewe. My skuld voor Hom erken en bely.

Wie Hom en sy Woord ignoreer – daar gaan Hy nie binne nie – maar wie oopmaak, na hulle kom Hy in en hou met hulle elkeen gemeenskap. Hy sit saam met hulle aan en verseker hulle van sy liggaam en sy bloed wat vergiet is tot volkome versoening van al hulle sonde.

So maak Hy ons dan oorwinnaars. Hy deurboor ons ore met sy Woord sodat ons hoor en die deur vir Hom oopmaak en onsself nie langer oor ons eie toestand bluf nie.

*Sing: Psalm 40:3, 4 (1936-beryming)* *Ds BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)*